

# VRAE & ANTWOORDE - NUWE DOEANE WETGEWING

## 1. Hoekom die doeane-wette moderniseer?

In 'n altyd-veranderende en ingewikkelde internasionale, streeks- en nasionale omgewing, speel doeane 'n kritiese rol in die ondersteuning van die regering se programme om ekonomiese groei, skepping van werksgeleenthede en maatskaplike samehang aan te spoor.

Die Wet op Doeane en Aksyns, 1964, het nie bygehou met die veranderende fokus van die werk van doeane nie of met die drastiese veranderings aan die omgewing waarin internasionale handeldryf uitgevoer word, veral die vinnige groei in die gebruik van inligtingstechnologie en die uitruil van elektroniese data.

In sy huidige vorm, is ons doeane-wetgewing nie in staat om te reageer op nuwe risiko's nie en is dit ook nie besigheidsvriendelik nie en moet ook makliker wees om te verstaan en gebruik om sekerheid aan handeldrywers, reisigers en doeane te verskaf.

## 2. Wat is sommige van die voordele van die nuwe wette?

Die CCA en CDA is moderne stukke wetgewing wat daarop gemik is om doeane-administrasie te vereenvoudig en om 'n platform vir doeane modernisering te verskaf. Dit is in lyn met die Konstitusie en is gerigpunte teen ander doeane-administrasies en internasionale konvensies soos die Aangepaste Kyoto Konvensie, wat daarop gemik is om internasionale handeldryf te harmoniseer, te beveilig en te fasiliteer. Die wette verskaf eind-tot-eind leweringsketting sigbaarheid vir SARS, as gevolg van verpligte elektroniese indiening van kommunikasie, voorafgaande vragverslaggewing, verbeterde verseëlingsbepalings en die vereiste van verskeie elektroniese kennisgewings regdeur die proses.

Die wette word verder in gewone taal geskryf en die materiaal gedek is in 'n logiese en sistematiese manier gerangskik, met onderwerp-spesifieke hoofstukke. Die reëls volg ook die rangskikking van die wette en elke reël is gekoppel aan 'n spesifieke instaatstellingsbepaling in die toepaslike wet. Dit stel mense, op wie die wet van toepassing is, in staat om bepalinge maklik te vind wat op spesifieke onderwerpe van toepassing is, byvoorbeeld, 'n bepaalde doeane-prosedure.

Die wette voorsien buigbare pakhuis- en vervaardigingsopsies wat Suid-Afrika se rol as 'n verspreidingsmiddelpunt te versterk en industrialisering te stimuleer. Die wette steun ook die nasionale ontwikkelingsplan om uitvoere en bedryfskompetisie aan te spoor, wat binnelandse vervaardiging sal stimuleer en KMMO's sal ondersteun.

## Wat sal die impak van die nuwe wetgewing op doeane-belanghebbendes wees?

Wanneer die wette in werking gestel word, sal dit 'n impak op alle doeane kliënte hê, veral ten opsigte van stelsel-, proses- en beleidsveranderinge. Daar sal ook nuwe nakomingsmaatreëls vir handelaars en veranderinge tot die boete-werkswyse wees.

'n Voorbeeld van die soort impak wat die nuwe wetgewingswerkswyse op handel kan hê, word deur die hoofstuk oor pakhuis uitbeeld. Verskeie belanghebbendes, insluitend pakhuislisensiehouers, gelisensieerde vervoerders, invoerders en uitvoerders, doeane-makelaars en eienaars van goedere en agente wat buitelandse kliënte verteenwoordig, sal deur die veranderinge in die pakhuiswerkswyse geïmpak word. Hierdie veranderinge sluit die volgende in:

- Aansoek vir nuwe lisensies
- Nuwe ontvangs en aflewingskennisgewingsvereistes deur openbare en private pakhuislisensiehouers en gelisensieerde vervoerders
- Stoor van vrye sirkulasie goedere saam met goedere nie in vrye sirkulasie
- Elektroniese voorraadbestuurstelsel
- Boekverslaggewing oor goedere, van tyd tot tyd
- Toelaatbare bedrywighede in 'n pakhuis.

## 4. Waarom is verslaggewing belangrik en wat is die voordele daarvan?

Verslaggewing oor inligting deur derde partye stel doeane in staat om risiko's rakende inligting oor skepe, vliegtuie, treine, voertuie, passasiers en vrugte, wat die Republiek binnekom of verlaat, te assesser.

Die voordele van die verslaggewingsvereistes sluit die volgende in:

- Dit versterk leweringskettingveiligheid, wat doeane in staat stel om die invoer of uitvoer van verbode goedere in en uit die Republiek op te spoor
- Dit dra by tot fiskale versekering
- Dit steun doeltreffende doeane-beheer oor die beweging van vervoermiddels en vragte
- Dit stel doeane-owerhede in staat om te beplan
- Dit bewerkstellig vrag sigbaarheid om die fisiese status van goedere te bepaal
- Dit gee 'n aanduiding van watter vrag is geprys-aan-wal, onderversend, beskadig, verwoes, verlore, onverantwoord en oortollig.

## **5. Hoekom wil SA die 24-uur voorafgaande vraglaaikennisgewing vir laaikisvrag instel?**

Die 24-uur voorafgaande laaikennisgewing reël is in lyn met die *SAFE Framework of Standards* en toon Suid-Afrika se toegewydheid tot die beveiliging van die leweringsketting.

Hierdie beleid stel ons verder in staat om potensiële bedreigings te identifiseer voor 'n laaikis by die buitelandse seehawe gelaai word, wat doeane in staat stel om, onder andere, te verhoed dat die vrag, indien 'n bedreiging, 'n hawe in die Republiek binne te kom.

## **6. Waarom is die tydperk vir indiening van invoerklarings verminder van sewe dae tot drie dae na aankoms?**

Die besluit om die tydperk vir indiening van klarings in die CCA te verminder, is gebaseer op tegnologiese vooruitgange sedert 1964 toe die huidige wet opgestel is. Handel en die wyse waarop sake bedryf word het aansienlik verander sedertdien en in die huidige elektroniese omgewing is inligting, wat vereis word om goedere te klaar, onmiddellik beskikbaar.

Om die impak van die verminderde tydperk te versag, word daar ook voorsien vir klaring en lossing van goedere met indien van onvoltooide of voorwaardelike klaringsinligting.

## **7. Waarom is daar 'n vereiste om klarings drie dae voor die aankoms van goedere in te dien vir vragte in laaikiste wat bestem is vir aflewering aan 'n gelisensieerde laaikisterminaal of depot wat in die binneland geleë is?**

Die vereiste is bygevoeg om beplanning van die leweringsketting te fasiliteer. SARS sal in 'n posisie wees om risiko's rakende die goedere te bepaal voor aankoms indien 'n klaring drie dae voor aankoms ingedien word. Sodra SARS die risiko bepaal het, sal SARS 'n kennisgewing uitreik (voorlopige lossing) om partye in te lig oor waar die laaikis heen verwyder moet word met aankoms bv. na 'n depot in Durban of 'n terminaal in Johannesburg.

Die handelaar kan daarom met sekerheid, voor aankoms, die nodige logistieke reëlings tref vir die vervoer van die goedere. Met aankoms sal die goedere verlos of terughou word op die plek aangedui in die voorlopige lossing. Die voorlopige lossing val weg indien die goedere teruggehou word en word vervang deur die kennisgewing van terughouding wat die plek aandui waarheen die goedere verwyder sal word.

## **8. Wat is die verskil tussen tuisverbruik en 'n doeane-prosedure?**

Die verskil word die beste beskryf met verwysing na die gevolg van lossing. Goedere gelos vir tuisverbruik word goedere in vrye sirkulasie, met ander woorde, goedere waarvoor Doeane nie meer beheer uitoefen nie. Goedere verlos vir 'n doeane-prosedure sal onderhewig bly aan doeane-beheer (as goedere nie in vrye sirkulasie nie) en die bepalings van die wet wat op daardie prosedure van toepassing is, moet nagekom word.

## **9. Hoekom word lossing ingevolge die CCA slegs met aankoms van goedere toegestaan?**

Die doeane-owerheid kan nie goedere verlos wat nie fisies by 'n plek van binnekoms of uitgang gearriveer het nie.

## **10. Wat word bedoel met die belastingstatus van goedere?**

Die belastingstatus van goedere is of belastingverskuldig of belastingvry. 'n Belastingverskuldig-status dui aan dat belasting op goedere betaalbaar sal wees indien belasting ingevolge 'n belastingheffende wet gehef word op goedere van daardie aard. 'n Belastingvrye-status dui aan dat, geen belasting betaalbaar sal wees op die goedere indien belasting gehef word ingevolge 'n belastingheffende wet op goedere van daardie aard nie. Belasting sluit in, doeane-heffings, aksynsheffings, BTW en enige ander belasting betaalbaar op die invoer of uitvoer van goedere.

## **11. Hoekom is 'n klaring nou 'n vereiste vir transito in plaas van 'n manifes/vervoerdokument?**

Die rasionaal vir die verandering van die huidige beleid is gebaseer op die feit dat SARS slegs die beweging van goedere oor ons grense en die risiko wat dit inhou, doeltreffend kan beheer indien dit die nodige inligting het. 'n Manifes is 'n opsomming van vrag aanboord 'n vaartuig en dit verskaf slegs 'n algemene beskrywing van die goedere bv. "gesê om te bevat" of "goedere van alle soorte". Dit bevat nie die tarief, waarde en oorspronginligting wat nodig is om risiko te bepaal nie. Die inligting op die vervoerdokument is slegs gebaseer op die inligting aan die vervoerder verskaf deur 'n persoon in 'n buitelandse jurisdiksie.

Daarteenoor word 'n klaring deur 'n geregistreerde persoon of gelisensieerde ingedien of 'n geregistreerde agent wat in die Republiek geleë is en die tarief, waarde en oorsprong bevat wat nodig is om die risiko te bepaal. Daardie persoon verklaar ook die waarheid van die inligting in 'n klaringsverklaring. Die verklaring word in elektroniese formaat ingedien en hardloop deur SARS se risiko-enjin binne sekondes. Omdat daardie persoon hom/haar verbind tot die korrektheid van die inligting met betrekking tot die klaring van die goedere, kan hy/sy aanspreeklik gehou word indien 'n valse verklaring gemaak word.

## **12. Wat het die vereiste tot gevolg gebring dat bewegings uit en in SACU nou invoere en uitvoere afsonderlik is?**

In die 1964-wet het goedere wat die grens tussen die BLNS-lande en die RSA gekruis het "bewegings" genoem met hul eie steunende regsraamwerk en beleid en prosedure, teenoor goedere ingevoer of uitgevoer van lande wat nie BLNS lande is nie. Sake moes vertrouwd wees met twee verskillende regulerende raamwerke. Die CCA vereenvoudig nou die regulerende raamwerk deur te voorsien dat alle goedere wat die Republiek binnekome of verlaat, invoere en uitvoere is onderhewig aan 'n eenvormige stel reëls. Verder, in ander Doeane Unies, word goedere wat lede-state binnekome of verlaat as invoere en uitvoere afsonderlik beskou.

## **13. Wat word bedoel met 'n toelaatbare doeane prosedure?**

Hoewel 'n invoerder kan kies om goedere uit te klaar vir tuisverbruik of 'n doeane-prosedure, moet daardie keuse "toelaatbaar" onder die omstandighede wees, wat beteken dat die keuse konsekwent moet wees met die bepalinge van die CCA en deur doeane gemagtig wees. Klarings vir sommige doeane-prosedures in bepaalde omstandighede word nie toegelaat nie bv. internasionale transito word nie toegelaat na berging nie, maar die goedere moet eerder vir uitvoer uitgeklaar word.

## **14. Moet bestaande doeane kliënte heraanzoek doen vir registrasie en/of lisensiëring?**

Ja, omdat bestaande doeane-registrasies en lisensies 30 dae na die intredingsdatum van die CCA sal verval indien die houer daarvan nie 'n nuwe aansoek vir registrasie of lisensiëring voor daardie tydperk ingedien het nie. Bestaande aksyns-registrasies of -lisensies word nie deur die verordening van die CCA geaffekteer nie en sodanige kliënte hoef nie vir registrasie of lisensiëring ten opsigte van aktiwiteite, wat ingevolge die Wet op Aksynsheffings gereguleer word, na die intredingsdatum aansoek te doen nie.

## **15. Sal kliënte in staat wees om vir registrasie of lisensiëring aansoek te doen voor die intredingsdatum?**

Ja, maar eers wanneer die ontwikkeling van SARS se elektroniese registrasie en lisensiëringstelsel se vermoëns voltooi is. SARS verwag om aansoeke vir registrasie en lisensiëring 'n redelike tyd voor die inwerkingtredingsdatum van die CCA oop te stel.

## **16. Sal SARS in staat wees om alle aansoeke betyds te prosesseeer?**

SARS voorsien om 'n nuwe elektroniese kanaal deur eFiling oop te stel vir die indiening van nuwe registrasie/lisensieringsaansoeke, 'n tydperk voor die nuwe wette intree. 'n Bestaande registrasie of lisensie sal in werking bly ingevolge artikel 932 of 933 van die CCA totdat die nuwe aansoek gefinaliseer is. Mits kliënte hul nuwe aansoeke binne 30 dae na die inwerkingtredingsdatum indien, kan hulle voortgaan om onder hul bestaande registrasie of lisensie te sake te bedryf.

SARS sal hul kapasiteit en diensleweringkanale beplan om optimale doeltreffendheid gedurende hierdie tyd te verseker.

### **17. Kan jy asseblief uitklaar of die Wysigingswet op Doeane en Aksyns, 2014, aksyns sal dek? Of wat sal voortaan aksyns dek?**

Die Wysigingswet op Doeane en Aksyns, 2014, tree in werking op die "inwerkingtredingsdatum", wat dieselfde datum is wat die Wet op Doeanebeheer en die Wet op Doeaneheffings in werking tree. Hierdie datum moet nog deur die President bepaal word. Op sodanige datum sal die Wet op Doeane en Aksyns, 1964, in sy gewysigde vorm, hernoem word as die Wet op Aksyns, 1964. Dit sal aangeleenthede met betrekking tot aksyns, brandstofheffing, POV-heffing, omgewingsheffing, asook lugpassasiersbelasting dek.

Met ander woorde, die twee nuwe doeane wette sal die bepalinge van die huidige Wet op Doeane en Aksyns, 1964, slegs in verband met doeane vervang en die gewysigde 1964 wet sal steeds van toepassing wees op aksynsheffings en die ander heffings en belastinge genoem.

### **18. Sal dit verpligtend wees vir alle uitvoerders en invoerders om elke drie jaar te herregistreer vir hulle invoer- en uitvoerkodes (ek is bewus van die aanvanklike verpligting om te herregistreer wanneer die wette in werking tree)? Of sal die "elke drie jaar"-reël slegs op onaktiewe handelaars van toepassing wees?**

Nee, dit is nie verpligtend om elke drie jaar te herregistreer nie, verwys na artikel 614 van die CCA wat die geldigheidstydperk van registrasiesertifikate hanteer. Subafdeling (1) bepaal uitdruklik dat 'n registrasie-sertifikaat geldig bly, tensy dit teruggetrek word of, as gevolg van onaktiwiteit van drie jaar van die geregistreerde persoon, verval. In die geval van 'n onaktiewe geregistreerde persoon, soos na verwys in artikel 614(2), moet 'n aansoek om hernuwing ingevolge artikel 615(1) gemaak word.

### **19. Sal bestaande TDN'e en VDN'e van krag en effektief bly na die nuwe wette geïmplementeer is en sal ons moet heraanzoek doen daarvoor?**

Hierdie is 'n "maatreël" wat sal aanhou na die inwerkingtredingsdatum ingevolge artikel 928 van die CCA.

### **20. Sal die huidige vasgestelde boetes ingevolge die nuwe Wet op Doeane verminder word wanneer die nuwe wet in werking tree?**

Nee, 'n toegeeflike benadering sal vir 'n beperkte tydperk toegepas word, maar die bedrae aangedui in die boete-tabel sal nie verminder word nie. Aanvanklike terugvoer oor handel op die vaste boete-tabel is oorweeg. Ons het ook 'n toonaangewende oefening in vergelyking met ander regsgebiede gedoen en 'n inflasie-ontleding, waarna die vaste boete-bedrae met 50% verminder is. Daar moet ook kennis geneem word dat die vaste bedrag boete-tabelle vir die Wet op Doeaneheffings, die Doeane-beheerreëls, en die Doeaneheffingsreëls nog gefinaliseer en vir openbare kommentaar gepubliseer moet word.

### **21. Sal bestaande registrasiebesonderhede, soos huidige doeane-kodes, toegelaat word vir die doel van nuwe registrasies ingevolge die Wet op Doeanebeheer?**

Die CCA voorsien in artikels 931(2) en 933(2) dat 'n skakel tussen die registrasie of lisensie gehandhaaf sal word ingevolge die huidige wet en die registrasie of lisensie ingevolge die CCA. Hoe hierdie skakel gehandhaaf sal word is die onderwerp van huidige stelselontwikkeling.

### **22. Dui asseblief aan hoe die OGA's, soos Port Health, hanteer gaan word met betrekking tot die nuwe wetgewing? My verstandhouding is dat ons slegs 'n lossing sal kry wanneer die vraag fisies ingeboek is. Indien dit die geval is en ons eers dan 'n Port Health lossing kan aanvra, sal dit nie die aflewering van vraag verhoog nie?**

Die CCA voorsien dat die doeane-owerheid die finale lossingsowerheid is d.i. die goedere sal teruggehou word vir die OGA's (nou die "beheerowerheid" genoem) en nadat die OGA's die doeane owerheid versoek het om die terughouding te beëindig, sal die goedere deur die doeane-owerheid gelos word, solank die klaring aan die doeanewetgewing voldoen. Indien die goedere voor aankoms geklaar is, sal die kennisgewing van terughouding aan die OGA en die doeane-makelaar voor aankoms gekommunikeer word om die proses te fasiliteer. Elektroniese kommunikasie regdeur die leweringsketting, insluitend met OGA's, sal belangrik wees om die sorgvuldige beweging van goedere te verseker.

**23. Kan jy bevestig dat in die nuwe Wet op Doeanebeheer in hoofstuk 4, artikel 89 staan dat verklarings binne drie werksdae van aankoms ingedien moet word. Ek neem aan dat hierdie bereken word vanaf aankoms by die eerste hawe van binnekoms en net beteken dat die binnekoms ingedien moet word, nie noodwendig geklaar en gelos deur doeane nie?**

Artikel 90(1)(a) van die CCA voorsien dat 'n klaring by die doeane ingedien moet word indien die goedere aanboord 'n buitevarende vaartuig ingevoer is, binne drie werksdae van aankoms van die goedere by die doeane-seehawer waar die goedere van die vaartuig afgelaai sal word. Maar, neem asseblief ook kennis van die bepalings van artikel 90(4) wat 'n klaring vereis ten opsigte van goedere in laaikiste wat bestem is vir aflewering by 'n gelisensieerde laaikisterminaal of depot wat binnelands geleë is (bv. City Deep) moet minstens drie kalenderdae van aankoms van die goedere by die doeane-seehawer ingedien word. Die indiening van 'n klaring binne die voorgeskrewe tydperke sluit nie lossing in nie, maar dit moes deur die doeane owerheid ingevolge artikel 171 aanvaar wees.

**24. Kan jy ook bevestig of dieselfde reëls geld indien goedere per lug arriveer? Ook, indien die klaring binne drie dae ingedien is en nie gelos is nie, kan die goedere in 'n doeanepakhuis gehou word en aan die Staatspakhuis oorhandig word nie?**

Ingevolge artikel 181 van die CCA kan die "lossingsagent" (die gelisensieerde van die doeane-beheerarea waar die goedere geleë is voor hul lossing) nie die goedere aan enige persoon lewer sonder die magtiging van 'n lossingskennisgewing nie. Met ander woorde, die goedere sal by die doeane-beheerarea bly en kan in tydelike berging gehou word.

Indien die doeane owerheid vir enige rede besluit om die goedere terug te hou ingevolge hoofstuk 34 van die CCA, moet die goedere ingevolge artikel 759 by die perseel waar dit teruggehou is, gehou word, of na 'n Staatspakhuis verskuif word of na 'n gelisensieerde perseel deur die doeane owerheid bepaal.

**25. Wanneer sal die nuwe registrasiedatum in werking tree en kan jul moontlik die aansoekvorm of webtuiste verskaf waar sodanige vorm gevind kan word?**

Die nuwe registrasie en lisensie aansoekstelsel is nog onder ontwikkeling. Sodra die stelsel getoets is en as stabiel bevestig is, sal SARS genoegsame kennisgewing aan alle belanghebbendes gee oor die gereedheid vir die indiening van aansoeke ingevolge die Wet op Doeanebeheer, 2014.

**26. Verskaf asseblief helderheid oor die volgende:**

- **Reël 5.7: Wat is die maksimum tydperk vir berging van goedere, ingevolge 'n doeane prosedure, by plekke buiten gemagtigde plekke?**

Dit is onseker of hierdie vraag spesifiek met berging van goedere ingevolge 'n pakhuisprosedure by 'n herleide plek verband hou. It is to be noted that redirections may be authorised in relation to goods under other customs procedures as well, eg. section 208 (transit), 230 (excise warehouse transit), 415 (inward processing) and 442(2) (home use processing).

Artikel 918 moet met reël 5.7 saamgelees word, wat die prosedure verskaf vir verkryging van doeane magtiging vir die verskeie "herleidings". Die effek van artikel 918 is dat die doeane owerheid, wanneer 'n magtiging toegestaan word, ook die tydperk kan bepaal waarvoor die magtiging van toepassing is. Dit beteken egter nie dat die doeane owerheid goedere onder 'n herleidingsmagtiging mag toelaat om by 'n herleide plek te bly vir 'n tydperk wat in konflik is met 'n uitdruklike bepaling in die CCA. Section 918(1)(b) specifically states that the time period must be consistent (not in conflict) with the CCA and any applicable tax levying Act. (Verwys asseblief na die bepaalde tydperke toepaslik in verband met transito bedrywighede, berging, inwaartse prosessering en tuisverbruikprosessering in die toepaslike hoofstukke van die CCA).

- **Reël 7.2(b): Hoe sal veelvuldige faktuurnommers op 'n doeane verklaring weergegee word? Beteken dit dat elke lyn op die verskaffer se faktuur afsonderlik verklaar moet word, al is dieselfde heffingsopskrif van toepassing?**

Veelvuldige faktuurnommers kan in 'n verklaring geakkommodeer word. Verskillende lyne op 'n verskaffer se faktuur kan in 'n verklaring saamgevoeg word, solank die sleutel-aanslagfaktore identies is.

- **Reël 7.2(d): Op vooraf-klaring is daar slegs 'n geskatte "datum van aankoms" - is die werklike "datum van aankoms" slegs bekend met aankoms? Dit word aangeneem dat geen wysiging vereis sal word om die datum van werklike aankoms te wysig nie.**

Korrek.

- **Reël 7.2(d) m.b.t. artikel 2: Wanneer dok 'n vaartuig? Is 'n geankerde vaartuig werklik in dok gebring?**

'n Vaartuig dok wanneer dit by 'n dok aankom en anker laat val, d.i. die gewone woordeboek-betekenis van die woord is van toepassing.

In verband met "aankoms van goedere" by 'n doeane seehawe, is die volgende van toepassing:

- Artikel 167(1)(d) (i) verwys na die datum en tyd van werklike of verwagte aankoms van die goedere... by 'n plek na verwys in artikel 90 in die geval van ingevoerde goedere. Artikel 90(1)(a) verwys na aankoms by 'n doeane seehawe.
  - Artikel 2(b)(ii) handel oor wanneer goedere aanboord 'n vaartuig geag moet word as gearriveer by 'n doeane seehawe, d.i. "wanneer die vaartuig met aankoms by die seehawe vir die eerste keer by daardie seehawe dok, welke binne die seehawe of by 'n dokfasiliteit buite die seehawe".
- **9.5 (f) m.b.t. artikel 206(4): Wie sal die versuim om 'n internasionale transito bedrywigheid te voltooi, rapporteer: die grenspos of SARS Doeane?**

Die persoon wat die goedere klaar: verwys na artikel 217(2) van die CCA.

In 'n altyd veranderende en ingewikkelde internasionale, streeks- en nasionale omgewing, speel doeane 'n kritiese rol in die ondersteuning van die regering se programme om ekonomiese groei, skepping van werksgeleenthede en maatskaplike samehang aan te spoor.

Die Wet op Doeane en Aksyns, 1964, het nie bygehou met die veranderende fokus van die werk van doeane nie of met die drastiese veranderings aan die omgewing waarin internasionale handeldryf uitgevoer word, veral die vinnige groei in die gebruik van inligtingstechnologie en die uitruil van elektroniese data.

In sy huidige vorm is doeane wetgewing nie in staat om op nuwe risiko's te reageer nie, is dit nie besigheidsvriendelik nie en moet dit makliker wees om te verstaan en gebruik, om sekerheid aan handelaars en reisigers te verskaf, asook Doeane.

**Neem asseblief kennis:** Die gereelde vrae (FAQs) en hulle antwoorde is voorgenome om as algemene riglyne te dien in verband met die nuwe doeane wetgewing. Dit is nie voorgenome om presiese tegniese en regsbesonderhede, wat gereeld met doeane geassosieer word, aan te spreek nie. Dit moet daarom nie as regsverwysing benut word nie. SARS kan die FAQs opdateer, soos nodig, gedurende die inwerkingstellingtydperk van die nuwe wetgewing. Dit word saamgestel uit navrae wat na die [NewCustomsActs@sars.gov.za](mailto:NewCustomsActs@sars.gov.za) e-pos gestuur word deur lede van die publiek.